

## Gereformeerde Kerk Bellville – 1 Oktober 2017 – Aand

**Sing vooraf staande:** Skrifberyming 12-2:4, 5 (Sb 27)

- 4 Ek geloof, met stille<sup>n</sup>aanbidding, / in die Heil'ge Gees wat my / in my sondedood gewek het,  
my as Trooster leer en lei. / Ek geloof 'n heil'ge eenheid, / wêreldwyd, in Christus een,  
wat sy roepstem sal vergader, / deur die lange eeue heen.
- 5 Ek geloof aan die gemeenskap / heilige verbintenis / van wie almal saam 'n eenheid,  
in hul Heer een liggaam is. Ek geloof die skuldvergewing, / weeropstanding van die vlees,  
en 'n lewe<sup>n</sup>in eewge duurte, / as die dood nie meer sal wees.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Psalm 48:1, 5 (p. 243)

- 1 Die HEER is groot waar Sions top / hom wentel uit die dieptes op.  
Hy is lofwaardig, waar verhewe / die berg en stad in songlans bewe,  
en Sion teen die noorde / blink, bó die lof van woorde.  
Daar waar in vlekkelose wit / die Koning van die wêreld sit,  
het Hy, wat een die vyand waak, / as rotsburg Hom bekend gemaak.
- 5 Laat Sions berg weerklink van vreug! / Laat Juda's dogters hul verheug,  
omdat Gods oordeel hul verbly het – / dié oordeel wat sy volk bevry het.  
Aanskou die stad met skanse, / paleise, toringtranse –  
hoedat hul pryk met nuwe prag. / En meld dit aan die jong geslag:  
Die God is onse God, en Hy / sal tot die dood toe ons gelei.

Gebed

Psalm 32:1, 5 (p. 151)

- 1 Welsalig wie van skuld en straf onthewe, / die woord mag hoor: jou sondes is vergewe.  
Want God wat groot is in barmhartigheid, / het hom vergewe<sup>n</sup>en skeld die skuld hom kwyt.  
Welsalig wie die HEER geen enkel stonde / toereken wil die boosheid van die sonde  
en wie se gees, van alle valsheid vry, / voor God ootmoedig al die skuld bely.
- 5 Wil soos 'n perd nie wees wat opwaarts steier; / Of soos 'n muil wat ons sy dienswerk weier,  
wat mensehand moet dwing met toom en tuig / tot hy sy krag in diensbetoon moet buig.  
Die goddelose man het baie smarte; maar wie op God vertrou van ganser harte,  
hom sal gewis, ook onder kruis en druk, / die guns van God 'n krans vleg van geluk.

**Skriflesing:** 1 Korintiërs 12:1-11; Heidelbergse Kategismus, Sondag 21:55

**Kernvers:** 1 Korintiërs 12:4-7

**Daar is wel verskeidenheid van genadegawes, maar dit is dieselfde Gees; en daar is verskeidenheid van bedieninge, en tog is dit dieselfde Here; en daar is verskeidenheid van werkinge, en tog is dit dieselfde God wat alles in almal werk. Maar aan elkeen word die openbaring van die Gees gegee met die oog op wat nuttig is. (1 Korintiërs 12:4-7 AFR53)**

## Heidelbergse Kategismus

### **Vraag 55: Wat verstaan jy onder die gemeenskap van die heiliges?**

*Antwoord: Ten eerste dat die gelowiges, almal saam en elkeen afsonderlik, as lede met die Here Christus gemeenskap en aan al sy skatte en gawes deel het (a). Ten tweede dat elkeen verplig is om sy gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede aan te wend (b).*

*(a) 1 Joh 1:3; Rom 8:32; 1 Kor 12:12, 13; 1 Kor 6:17. (b) 1 Kor 12:21; 13:1, 5; Fil 2:4-8.*

**Tema:** Die Heilige Gees deel aan alle gelowiges gawes uit soos God dit wil

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, in verlede week se gesprek het die gelowige oor die gemeenskap van die heiliges gekonsentreer op die feit dat elke gelowige afsonderlik en almal saam gemeenskap met die Here Christus het en aan al sy skatte en gawes deel het. Die gelowige het die gesprek afgesluit met die beeld van 'n fiets se wiel.

Hy het gesê dat elke speek afsonderlik aan die velling en aan die binneste deel vas is. So het elke gelowige afsonderlik gemeenskap met Christus. Maar een speek alleen wat aan die velling en aan die binneste deel vas is, maak nie 'n wiel nie. Daar kort nog baie ander speke. Soos wat al die speke saam aan die velling en aan die binneste deel vas is, so het alle gelowiges saam gemeenskap met Christus. Al die speke saam wat aan die velling en aan die binneste deel vas is, vorm 'n wiel. Die kerk is die gemeenskap van die heiliges waarin elke gelowige afsonderlik en almal saam in 'n hegte verhouding met Christus is. En almal saam en elkeen afsonderlik het deel aan die skatte en gawes van Christus. Dit het tot gevolg dat al die gelowiges ook saam in 'n hegte verhouding met mekaar is.

Maar as jy al mooi na 'n fietswiel gekyk het, sou jy opgemerk het dat die speke aan die binnekant van die wiel deur mekaar gevleg is. En elke speek is afhanklik van die spanning van die speke waaraan hy raak om stewig in die wiel te bly. Die speke moet aan mekaar raak om stewig vas in die wiel te bly en te verhoed dat die wiel skeef trek. Op 'n soortgelyke wyse is lidmate van mekaar afhanklik en maak hulle op mekaar staat sodat die gemeenskap van die heiliges 'n gemeenskap kan bly wat die Naam en die eer van die Here Jesus dien. Daarom sê die gelowige dat die gemeenskap van die heilige ook beteken **dat elke lidmaat verplig is om sy gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede aan te wend.**

Om hierdie saak behoorlik te verduidelik onderrig die gelowige sy vraagsteller vanuit 1 Korintiërs 12. Broers, susters en kinders, in die eerste drie verse van 1 Korintiërs 12 wys Paulus op die belangrike werk wat die Heilige Gees in gelowiges verrig. Die Heilige Gees vernuwe gelowiges se lewens. Dit beteken dat ons lewens ingrypend verander word. Doelbewus getuig hulle met elke woord, daad en gedagte dat Jesus Christus die Here en Koning is. Dit is immers net die mens in wie die Heilige Gees woon en werk wat kan sê dat Jesus die Here is en dit is ook in so 'n mens se lewe van elke dag sigbaar.

Nadat die Korintiërs die eerste drie verse van hierdie hoofstuk gehoor het, sou hulle ook geweet het wat hulle kan verwag in hulle lewens gebeur moet wanneer die Heilige Gees beheer daarvan neem. Maar hoe onderstreep en beklemtoon die Heilige Gees die grondliggende feit dat Jesus die Here is in die lewe van die gemeente self? Vir die Korintiërs is dit belangrik om dit te weet, juis omdat daar soveel spanning in die gemeente was oor watter genadegawes die belangrikste sou wees.

Ons sal ook wil weet hoe die Heilige Gees die belangrike feit onderstreep dat Jesus die Here

in die lewe van hierdie gemeente is. Die Here verwag immers van elke kerk, ook van ons, net soos wat Hy van die Korintiërs verwag het, om 'n gemeenskap van heiliges te wees wat met haar hele lewe wys dat Jesus die Here is. Jesus Christus gebruik juis sy kerk om Homself in die wêreld bekend te maak. Deur middel van die kerk wil die Here die hele wêreld laat hoor en besef dat Jesus die Here is. Daarom stel die Heilige Gees die kerk in staat om aan Jesus se verwagting te voldoen.

In die kerk is daar 'n ryke verskeidenheid van mense. Die Here het met sy Gees en Woord in hierdie gemeente 'n verskeidenheid van by die vyfhonderd mense saamgevoeg om sy kerk te wees. En Hy het aan ons 'n verskeidenheid van genadegawes gegee sodat Hy deur ons die omgewing waarin ons leef en werk kan laat besef dat Jesus die Here is. Die een lidmaat is nie 'n presiese weergawe van iemand anders in die kerk nie. En die gawes wat die Here aan lidmate gegee het, is ook nie vir almal van ons presies dieselfde nie. Hierdie verskeidenheid van mense en gawes moenie onderdruk word nie. Lidmate moet nie net sekere gawes soek nie. Wanneer hulle dit doen, laat hulle toe dat hulle sondige begeertes die oorhand kry. God se genade is veelvoudig, daarom gebruik Hy 'n verskeidenheid van mense met 'n verskeidenheid van genadegawes sodat die wêreld kan besef dat Jesus die Here is.

Wanneer die Heilige Gees tot drie maal toe die woord *verskeidenheid* in ons kernverse gebruik, maak Hy twee dinge vir ons duidelik. Aan die een kant sê Hy vir ons presies wat ons met die woord *verskeidenheid* verstaan, naamlik dat daar in die kerk verskillende mense met verskillende geaardhede en verskillende gawes is – 'n ryke verskeidenheid. Aan die ander kant beklemtoon Hy dat God self in beheer is van hierdie verskeidenheid, want die woord wat ons vertaal met *verskeidenheid* kan ook met *toedeling* vertaal word. Daar is toedelings van genadegawes, bedienings en werkinge. En dit is net God alleen wat hierdie dinge toedeel aan sy kerk.

Kom ons luister nou hoe die Heilige Gees 'n gemeente in staat stel om Jesus se teenwoordigheid op 'n verskeidenheid maniere sigbaar te maak. Daar is 'n verskeidenheid genadegawes. 'n Genadegawe is nie iets waarvoor gereformeerdes hoef te skrik en te dink dat dit iets is wat net by sogenaamde charismatiese kerke hoort nie. 'n Genadegawe is niks anders as die genade van God wat konkreet gemaak word. Wysheid, kennis, geloof, gesond maak, wonders doen, verkondig, is alles genade van die Here. Maar nou maak die Here sy genade konkreet deur aan sommige lidmate die vermoë te gee om 'n woord van wysheid te praat. Aan ander gee Hy die vermoë om onwrikbaar te glo, al lei baie ander mense uit die werklikheid af dat so iets nie kan gebeur nie.

Dit is hierdie gawe van geloof wat die Heilige Gees aan Maria gegee het toe die engel Gabriël aan haar gesê het dat sy 'n Seun in die wêreld sal bring en sy Hom Jesus moet noem. Die werklikheid het hierteen geskreeu – Maria was nie getroud nie en was nog nooit saam met 'n man nie, maar sy het geglo dat sy swanger sal word met Jesus.

Die Heilige Gees gee aan elke lidmaat uit die verskeidenheid van genadegawes een of meer genadegawes. Hy slaan nie een lidmaat oor nie. En dit word nie somer maar net gesê om lidmate goed te laat voel nie. Die Here sê self:

**Maar aan elkeen word die openbaring van die Gees gegee met die oog op wat nuttig is.** (1 Korintiërs 12:7 AFR53)

Natuurlik verdien niemand om 'n genadegawe van die Heilige Gees te ontvang nie. God laat hierdie gawes aan lidmate uitdeel net omdat Hy hulle liefhet, omdat hulle sy kinders is. 'n Mens kry 'n genadegawe verniet soos 'n verjaarsdaggeskenk. Gelowiges doen niks sodat die Heilige Gees aan hulle genadegawes moet gee nie. Hy deel die gawes uit soos God wil hê

dit moet gebeur.

Ter wille daarvan om nog beter te verstaan: Ons kan in eenvoudige taal sê 'n genadegawe is 'n stuk gereedskap. Vir elke lidmaat het die Heilige Gees 'n stuk gereedskap gegee soos wat God wou hê Hy dit moes uitdeel. Maar dit help nou veel lidmate is toegerus met 'n stuk gereedskap en hulle weet nie waar om te werk nie. Om te keer dat gelowiges rondloop met die gereedskap en nie weet wat om daarmee te doen nie, sê die Heilige Gees verder: **daar is 'n verskeidenheid bedieninge, en tog is dit dieselfde Here.**

Die woord *bedieninge* klink weer so hoog geleerd asof dit net vir besondere mense bedoel is, maar dit is nie. As die Heilige Gees sê daar is 'n verskeidenheid bedieninge, sê Hy daar is 'n verskeidenheid maniere waarop gelowiges bediendes vir mekaar, vir ander mense en vir God kan wees. Die woord *bedieninge* kom van dieselfde woord waarvan *diaken* ook afgelei is. Dit beteken nederige diens. Oorspronklik het hierdie woord *diaken* verwys na die werk van 'n bediende in die huis, die tafelbediende, die nederigste van alle diensknegte.

Wanneer Paulus die woord *bediening* gebruik, maak hy duidelik waarin die Korintiërs moet groei ten opsigte van die genadegawes. Die Heilige Gees gee nie die genadegawes sodat daar teenoor mekaar gespog en op mekaar neergesien kan word in die gemeente nie. En ongelukkig bestaan hierdie verleiding vandag steeds in die kerk van die Here. Omdat gelowiges steeds sondaars is, kan hulle so maklik hoogmoedig word oor die genadegawe wat die Here vir hulle gegee het dat een naderhand dink sy gawe is die belangrikste vir die kerk se voortbestaan. En omdat hy bekwaam is om baie verskillende dinge te kan doen, doen hy dit ook. Ander lidmate wat nie so bekwaam is om so baie verskillende dinge in die kerk te doen nie, voel naderhand minderwaardig omdat hy so te sê die werk uit hulle hande vat. Die uiteinde hiervan is dat lidmate hulle later onttrek uit die gemeenskap van die gelowiges. Sodoende het een lidmaat veroorsaak dat mense graag na hom opkyk wanneer iets gedoen moet word.

Tog moet 'n mens ook die ander kant van die verleiding raaksien. Alhoewel die Heilige Gees aan elke lidmaat 'n genadegawe of meer gegee het, steur 'n lidmaat hom nie daaraan nie. Hy sien net die lidmate raak wat gewillig en bereid is om met hulle gawes te dien. Dan sê hy vir homself: Wel, daar is genoeg wat die werk kan doen, daarom hoef ek niks te doen nie. En dit pas my baie goed. Ek kan maar agteroor sit in my gemaksones, daar is mos ander lidmate wat graag wil werk.

Soms raak so iemand dan ook nog bitsig en sê dat daardie groepie lidmate wat gehoorsaam aan die Here hulle dienswerk doen, 'n kliek is. Die Heilige Gees vra ernstig vir elkeen: Wat maak jy met die genadegawe wat jy ontvang het? Het jy dit onder die maatemmer gebêre omdat jy nie bediende wil wees van jou broer en suster nie en nie bediende vir God wil wees nie? Is dit dan so benede jou om 'n bediende vir ander te wees?

Met hierdie vrae konfronteer die Heilige Gees elke gelowige en sê: Kyk, jy sou nie vandag die genade gehad het om van jou sondes verlos te wees, as Jesus Christus nie bereid was om Homself te verneder om vir jou 'n bediende te wees nie. Dit is omdat Jesus Christus sy heerlijkheid as God nie beskou het as iets waaraan Hy moes vasklem nie, maar Homself verneder het deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy as mens verskyn het, het Hy Homself nog verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis. Geen lidmaat is beter as die Here Jesus dat hy nie vir iemand anders en vir God 'n bediende kan wees nie?

Daar is 'n oneindige verskeidenheid maniere waarop die Heilige Gees gewillige diensknegte

sal aanvuur tot hierdie soort diens, want Hy wil die omgewing waar die kerk leef en werk laat hoor en sien dat Jesus die Here is. 'n Lidmaat moet dus wag totdat iets hom dwing nie, maar hy moet eerder gereed wees om te dien daar waar Jesus Christus wil hê hy moet dien omdat sy Gees die gereedskap gegee het.

Die Here wil hê dat almal in die gemeente moet weet dat Jesus die Here is. Daarom is daar 'n verskeidenheid van werkinge. Hierdie werkinge is God se krag wat binne-in Christene is en oorspoel in die lewe van die gemeenskap. Die werkinge wat God deur sy Gees in gelowiges doen, is nie maar net 'n teoretiese saak nie. Wanneer God gelowiges as instrumente in sy hand gebruik, bring die Heilige Gees sigbare resultate voort; lewens word verander, verhoudings word herstel, die gemeente groei in geloof en ook in getalle, daar word effektief getuig van Jesus se heerskappy oor elke mens se lewe, en meer en meer lidmate se gawes word ontsluit en kom in werking. Wanneer hierdie resultate gesien word, kan niemand meer ontken dat Jesus die Here is nie.

Aan elke lidmaat het die Heilige Gees 'n werking gegee tot voordeel van almal. Met hierdie woorde bring Paulus die Korintiërs terug na wat voordelig is vir die gemeenskap en nie vir die persoonlike en individuele begeertes nie. Die Heilige Gees gee nie aan gelowiges genadegawes sodat elkeen homself in sy gawes kan verlustig nie. Elke gelowige is veronderstel om met sy hele lewe te wys dat hulle die Gees van God in hulle het. Hy werk in gelowiges se liggame, daarom is sy werk sigbare heerlijkheid wat voortgebring word en wat deur alle mense gesien kan word. Die Heilige Gees wil Homself voelbaar bekendmaak deur die genadegawes wat Hy gee en in werking is.

Geliefdes, ons is 'n geloofsgemeenskap, 'n gemeenskap van die Heilige Gees van die lewendige God. Van die begin tot die einde, van die kleinste onderdeel tot die breë spektrum van die kerk se lewe, is God in beheer. Omdat ons God so groot en heerlijk is, gee Hy 'n groot verskeidenheid in sy kerk, want Hy is ongelooflik ryk in genade en altyd werk Hy aan nuwe maniere om sy liefde en waarheid te vertoon. Daarom rus Hy elke lieve lidmaat toe met genadegawes, gee Hy aan hulle plek om bediende wees sodat sy kragtige werk vanuit ons lewens in die gemeenskap kan oorspoel. Almal moet weet dat Jesus die Here is.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 133:1, 2 (p. 650)

- 1 Hoe goed is dit – 'n huis vol lieflikhede! – / dat broeders woon in onverstoorb're vrede.  
Soos salf wat kunstig toeberei, / om Arons hoof 'n sagte geur versprei,  
sy baard oordrup en heil'ge kleed deurtrek – / so sal die liefde liefde wek.
- 2 Dis soos die dou van Hermon, ryk nes reën,  
op Sions berg: die HEER gebied die seën,  
die lewe tot in ewigheid.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**